Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association
Waenhuiskrans Arniston Belastingbetalersvereniging

P O BOX/POSBUS 7090
ROGGEBAAI, 8012
TEL.: (021) 425 3218
FAX.: (021) 425 3228
E-MAIL/E-POS cbird@plantrust.co.za

24 Oktober 2007

Geagte lid

Vind asseblief vir u inligting hierby aangeheg die jongste nuusbrief van u vereniging. U is welkom om kommentaar te lewer.

Die voorlopige datum vir die jaarvergadering is Donderdag 26 Desember 2007 en u sal mettertyd ‘n agenda ontvang.

Die uwe
WAENHUISKRANS ARNISTON BELATINGBETALERSVERENIGING

CC BIRD
VOORSITTER

NUUSBRIEF
Oktober 2007

Geagte lid

Ek doen graag verslag oor sommige van die sake waaraan u komitee aandag gee.

1. Kaap Agulhas Munisipaliteit

Kommunikasie met die Munisipaliteit bly ‘n probleem. In korrespondensie wat tot 30 November 2005 terugstrek, het ons byvoorbeeld navrae gedoen rakende nie minder nie as 10 belangrike kwessies wat die gemeenskap van Waenhuiskrans raak. Ondanks die feit dat die Munisipale Bestuurder se aandag vier keer daarop gevestig is sowel as ‘n regstreekse beroep op die Burgemeester op ‘n vergadering op 17 November 2007 met haar (waar ons van die Munisipaliteit se samewerking verseker is), het ons tot op hede geen antwoord ontvang nie. My kommentaar op sake wat hieronder volg, is gevolglik in sommige gevalle gegrond op aannames aangesien ons tot dusver geen reaksie van die munisipale amptenare ontvang het nie.

2. Wykskomitees

Reaksie van Kaap Agulhas Munisipaliteit en lede van die Wykskomitee dui daarop dat hulle die Wykskomitee as die enigste forum van kommunikasie tussen die munisipaliteit en die belastingbetalers beskou. Ons is nie soos in die verlede van die verkiesing van die wykskomitees in kennis gestel nie en het dus nie ‘n verteenwoordiger van ons vereniging benoem nie, gevolglik het ons geen verteenwoordiging in die Wykskomitee nie.

Die konstitusie van die Wykskomitee maak egter voorsiening daarvoor dat die Munisipaliteit oor die diskresie beskik om aanstellings te doen as die komitee nie verteenwoordigend genoeg is nie, en dit vereis spesifiek van die Munisipaliteit om verteenwoordigende organisasies, belastingbetalersverenigings inkluis, te identifiseer. Ons meen dus dat die Munisipaliteit fouteer deur nie ‘n verteenwoordiger van ons vereniging aan te stel nie. Ons wag steeds op ‘n lys van die komitee se vergaderings en sal beslis verseker dat ons die beste gebruik maak van die geleentheid wat aan ons toegestaan is.

3. Veiligheid

U is moontlik bewus van onlangse inbrake op Waenhuiskrans. Feit is dat die inbrekers in twee gevalle gewapen was (hoewel die een blykbaar ‘n nagemaakte vuurwapen van plastiek gehad het). Dit is nogtans rede tot besorgdheid oor die veiligheid-situasie op die dorp.

Ons het daarop gereageer deur ‘n subkomitee onder Keith Higgins (kontak: 083 265 6254 / keith@waltex.co.za) aan te stel, met die oog daarop om te fokus op:

- Die vestiging van ‘n misdaadforum op die internet, met die bystand van Brent Hill (een van die slagoffers)
- Herlewing van die Gemeenskapspolisieforum
- Oorweging van die stigting van ‘n buurtwag
- Oprigting en bedryf van ‘n plaaslike polisiekantoor

Die Munisipaliteit het ‘n erf beskikbaar gestel vir die bou van ‘n polisiekantoor. Dit is oorkant die biblioteek in Kampstraat en ons vereniging, via Dawie Maritz as lid van die subkomitee oor sekuriteit, staan aan die hoof van die proses om die gebou opgerig te kry.

4. Die Trust

Die Waenhuiskrans Arniston Gemeenskapsontwikkelingstrust (WACDT) gaan voort om goeie werk in die gemeenskap te doen. Heelparty suksesse is reeds behaal – waaronder twee gegradueerdes van die toerismeskool en ‘n geborgde mediese student in sy derde jaar! ‘n Belangrike projek is die vestiging van ‘n toerisme-en-bronnesentrum in Kassiesbaai, waarvan die beplanning reeds ver gevorderd is. Lede sal belang stel daarin dat ‘n boek, *Arniston-Waenhuiskrans* – ‘n foto-memoires, deur Martine Aubin uitgegee is. Martine het alle opbrengste uit die boek aan die Trust geskenk. Lede word aangemoedig om dit aan te skaf. Die boek is beskikbaar by www.martineaubin.co.za. Lede wat donasies aan die Trust wil gee, moet Hannes van Zyl by hannesvanzyl@mweb.co.za of 083 303 8544 kontak. Alle donasies is nou belastingaftrekbaar.

5. Watergehalte

‘n Monster van drinkwater wat middel April 2007 onafhanklik getoets is, het ‘n onaanvaarbaar hoë vlak van fekale coliform (bakterieë) getoon wat ‘n gesondheidsgevaar inhou. Ons verneem dat monsters wat op 1

Oktober 2007 geneem is, eweneens onaanvaarbaar hoë vlakke getoon het. Dit dui op onvoldoende chloorbehandeling. Uit informele navrae blyk dat die watertoevoerstelsel wel met chlorinering-toerusting toegerus is, maar dat die Munisipaliteit nie oor die vaardigheid beskik om dit te bedryf nie.Tot op hede het ons nog geen formele reaksie op ons vertoë hieroor ontvang nie, ondanks ‘n dringende oproep in April en daaropvolgende aanmanings.

6. Strate in Kassiesbaai

Die Burgemeester het aangedui dat, ondanks die feit dat Kassiesbaai in private besit is, die moontlikheid bestaan dat ‘n spesiale bewilliging van die Munisipaliteit beskikbaar sal wees vir die voltooiing van die strate. Ons het sterk steun vir hierdie inisiatief getoon.

7. Onwettige konstruksie

Ons het ons besorgdheid uitgespreek oor die feit dat die Munisipaliteit geen optrede ingestel het teen grondeienaars wat met boubedrywighede voortgegaan het sonder dat hulle voldoen aan die dorpsbeplanningskema of voorwaardes wat deur die Munisipaliteit gestel is nie.

8. Plaveisel vir parkering by Romanstrand

Ons het ons kommer uitgespreek dat die Munisipaliteit dit oorweeg om die parkeerterrein by Romanstrand te plavei sonder oorweging van die parkeerterrein by die strand noord van Kassiesbaai. Ons het ook besorgdheid oor die estetiese geopper en hulp aangebied van lede van ons vereniging wat argitekte en dorpsbeplanners is.

9. Natuurreservaat

Ondanks verskeie openbare vergaderings hieroor het die Munisipaliteit steeds beswaar gemaak teen die deproklamasie van die pad en die formalisering van voertuig-toegang tot die gebied. Ons verneem egter dat die Minister van Omgewingsake en Toerisme, Marthinus van Schalkwyk, sy hulp aan Cape Nature aangebied het om die samewerking van alle betrokke partye te kry. Hy is van plan om die saak in Maart 2008 verder te voer.

10. Goedkeuring van geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP)

U komitee het beswaar gemaak teen die feit dat wysigings aan die IDP deur die Munisipaliteit gedoen en goedgekeur is ondanks die feit dat ons vereniging sowel as verskeie ander belanghebbende en aangetaste partye geen geleentheid gegun is om daarop kommentaar te lewer nie.

11. Blou plastiek-vullishouers met advertensies

Na aanleiding van klagtes van lede het ons versoek dat die blou vullishouers met advertensies van Waenhuiskrans verwyder word. Die Burgemeester het aangedui dat hulle vervang sal word sodra geld beskikbaar is. By navraag waarom geld nodig is om die houers te verwyder, het dit geblyk dat die probleem is dat huurkontrakte vir die advertensies aangegaan is. Ons vertrou dat die houers verwyder sal word sodra die kontrakte verstryk.

12. Toegang tot Romanstrand

Na aanleiding van ons klagte dat selfs mense wat slegs in geringe mate gestrem is dit onmoontlik vind om toegang tot die strand te kry, het die Burgemeester aangedui dat die saak aandag kry.

13. Estetiese komitee

Die Burgemeester was nie begerig om ons voorstel vir ‘n erfenis/estetiese komitee vir Waenhuiskrans te steun nie omdat die Munisipaliteit reeds so ‘n komitee het. Sy het egter in beginsel aanvaar dat dit moontlik sal wees om kundiges wat lede van ons vereniging is in die komitee te koöpteer.
Ons indruk is dat die komitee waarna die Burgemeester verwys tans nie bestaan uit mense wat oor die toepaslike kundigheid beskik nie. Voorts is ons nie bewus van enige stappe deur die komitee betreffende die instandhouding, opgradering en ontwikkeling van ons dorp nie.

14. Ontwikkeling agter Harbourstraat

Navrae in hierdie verband wat tot Junie 2006 terugstrek bly, ondanks verskeie aanmanings, steeds onbeantwoord deur die Munisipaliteit. Vir die huidige wil dit voorkom of die Munisipaliteit nie op hierdie kwessie fokus nie.

15. Ontwikkeling van hawe

Die Waenhuiskrans Arniston Gemeenskapsontwikkelingstrust (WACDT) neem die voortou met die herontwikkeling van die hawe, wat 'n nuwe gemeenskapsbronnesentrum insluit. Die doelwit is 'n kommersiële en toerisme-fokuspunt waar 'n reeks van fasiliteite vir toeriste sowel as handelsgeleenthede vir die gemeenskap verskaf kan word. Steun vir die inisiatief kom van gemeenskapsverteenwordigers, die Munisipaliteit, SAHRA en die betrokke Minister, Marthinus van Schalkwyk, wat Waenhuiskrans onlangs besoek en persoonlike belangstelling in die projek uitgespreek het.

16. Bob se winkel

Ondanks aansienlike teenkanting het die Munisipaliteit die hersonering en onderverdeling van erf 592 in drie dele van sowat 600m² goedgekeur. Twee van die drie sal vir sakedoeleindes en die derde hoofsaaklik vir residensiële gebruik aangewend word.

17. Saketerrein oorkant kampterrein (Erf 599)

Ondanks verskeie besware het die Munisipaliteit erf 599 in Februarie 2004 vir die bedrag van R426 000 verkoop. Van die besware was dat die koopprys te laag was en dat voorstelle vir regstreekse gemeenskapsbetrokkenheid nie in ag geneem is nie. Agterna het ons en ander verskeie kere gevra waarom geen ontwikkeling plaasvind nie, aangesien ons verneem het dat die Munispaliteit sekere tydsbepalings neergelê het.

Sedert Februarie 2004 het die Munisipaliteit geensins op ons talle navrae gereageer nie, maar in Mei 2006 het ons ontdek dat die Munisipaliteit ingestem het om die voorwaardes vir die koopakte ten gunste van die oorspronklike suksesvolle tenderaar te wysig. Dit is hoofsaaklik gedoen om dit vir die eienaar makliker te maak om finansiering vir die ontwikkeling te bekom. Ons is van mening dat, weens die lang tydperk van onaktiwiteit deur die koper en, belangriker, weens die verandering in die koopvoorwaardes, die verkoping gekanselleer en nuwe tenders gevra moes gewees het.

Die nuwe tenderaar, 'n maatskappy, het tot einde 2008 tyd om die ontwikkeling te voltooi, volgens planne wat die Munisipaliteit in 2006 goedgekeur het. Die maatskappy het nou oordrag van die eiendom geneem en ons verneem dat sy aandeelhouers besig is om hul aandele te verkoop, waardeur hulle 'n spekulatiewe wins maak wat andersins in die gemeenskap teruggeploeg kon gewees het.

18. Rioolskema

Die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Onwikkelingsbeplanning het 'n aansoek van die Munisipaliteit goedgekeur vir die opgradering van die huidige rioolwerke - die dam by die ou stortingsterrein - en die installering van 'n retikulasiestelsel. Die stelsel wat die Munisipaliteit gekies het (teen 'n koste van byna R14 miljoen) is verkies bo goedkoper opsies. Die skema sal in drie fases geïmplementeer word – waarvan die eerste daarop gemik is om die huidige probleme met opgaartenks by die hotel en woonwaparke te verlig. Die volgende fases sal afhang van die beskikbaarheid van geld.

Ons het ons kommer uitgespreek dat 'n groot aantal belastingbetalers nie deur die eerste fase bevoordeel word nie, maar dat nogtans van hulle verwag sal word om tot die befondsing van die skema by te dra bo en behalwe die heffings wat hulle tans betaal om hul septiese tenks te laat leegmaak. Ons het die Munisipaliteit ook versoek om te bevestig in welke mate die voorgestelde skema 'n kosteverhoging meebring vir diegene wat in die eerste fase val, wat Kassiesbaai insluit.

19. Burgemeestersamp

Die jongste nuus aan hierdie front is dat me Eve Marthinus nie meer die Burgemeester is nie. Die nuwe Burgemeester is Richard Mitchell, wat blykbaar as 'n *quid pro quo* aangestel is nadat hy van die DA na die ANC oorgeloop het.